# OMGEE BROSJURE



*'n Indeks van ons bedieninge*

# Indeks

**Indeks** ........ **1**
**Doop tot Laerskool** ........ **5**
Doopvoorbereiding 5
Ouerleiding en Huisgeloof 5
Kinderbediening 5
**Hoërskool tot Jongwerkendes** ........ **6**
Verander Jeugbediening 6
Verander-diens 6
Jeuggroepe 6
Verdiep 7
Belydenisjaar [Dissipelskap jaar vol. 1] 7
Matrieks [Dissipelskap jaar vol. 2] 8
BoekKlub 8
Ignite (Jongwerkendes) 9
Connect (Studentebediening) 9
Band 9
Sosiale Media + Bemarking 10
Projekte 10
**Huwelike** ........ **11**
Huweliksvoorbereiding 11
Alpha Huwelike 11
**Ondersteuning en pastoraat** ........ **12**
Pastorale Spreekkamer 12
Vriende van die Gemeenskap van Elarduspark 12
Begrafnisbediening 12
Kompasbediening 13
Trauma Gebedsbediening 13
Jacob's Well 13
Straatprojek 14
Legacy Kleuterskool 14

**Gasvryheid en Saamkuier** ..... **15**
Nuwe Lidmate Ete 15
Omgeegroepe 15
35+ Enkelgroep 15
Manne van die Woord @ NG Elarduspark 16
Vroue van die Woord @ NG Elarduspark 16
Basaar / Warm-winterfees 16
Hoenderbraai en Bybelfees 16
Gemeentekamp 17
Verjaarsdagbediening 17
Elohim Koffiewinkel en Koffiebediening 17
Gasvryheidsbediening 18
**Missionale Liefdesdiens** ..... **19**
Christelik Maatskaplike Raad Elarduspark 19
Finansiële Ondersteuning 19
Finansiële Beplanning 20
Kleretrommel 20
Brood-op-die-water 20
Herwinningsprojek 21
Bediening aan Huiswerkers 21
Huiswerkerskamp 21
Warm-Winter-Wollies 22
Thusanang 22
Kersfeesprojek 22
Ons Huis 23
Mannaprojek 23
Jakaranda Kinderhuis 23
Khomani-Uitreik 24
Personeel-Uitreike 25
**60+** ..... **26**
Eredienste Glevera 26
Bybelstudie 26

Jukskei 26
Kliniekdienste 27
Liefde in Aksie 27
Pilates-oefeninge 27
**Digitale Bediening ........ 28**
Webwerf 28
Selfoontoepassing (*“Mobile App”*) 28
WhatsApp Kommunikasiekanaal 29
Videobediening 29
Grafiese ontwerp en Kommunikasie 29
Potgooi 29
Sagte-ware Bediening 30
Regestreekse Uitsending 30
**Eredienste ........ 31**
Blommebediening 31
Musiekbediening 31
Erediensbestuurder 31
Tegniese versorging van erediens 32
Kunstebediening 32
**Bestuur van die Gemeente ........ 33**
Kerkraad 33
Uitvoerende Komitee 33
Diakonie 33
Diensverhoudingskommissie (DVK) 34
Bou en Eiendomskommissie (B&E) 34
Finansiële kommissie (FK) 35
**Algemene Inligting ........ 36**
Fasiliteite 36
Terreinbestuurder 36
Eredienste 36
Kerkkantoor 37
Fisiese adres: 37

Kantoorure: 37
Mediasentrum 37
Leraars 38
Personeel 39
Ons Roeping 40
Ons Doelwitte 40

# Doop tot Laerskool

## Doopvoorbereiding

Voorbereiding vir ouers om die ryk betekenis van die doop te verstaan en te ervaar, sodat hulle die doop van hul kind met die nodige waardering en verantwoordelikheid tegemoet kan gaan. ŉ Leraar bied die kursus kwartaalliks, oor 3 Donderdagaande, aan.

**Kontak:** ds. Maartje van der Westhuizen
(072) 375 3965
maartje@ngelarduspark.org.za

## Ouerleiding en Huisgeloof

Ouers word toegerus ten opsigte van positiewe en verantwoordelike ouerskap. Daar is kursus-geleenthede (sien kalender) asook gereelde Huisgeloof-byeenkomste waar ouers toegerus en bemagtig word vir die taak van die geloofsontwikkeling van hul kinders tuis.

Ek kan omgee deur myself as ouer beter toe te rus om my kinders die heel beste opvoeding te gee.

**Kontak:** ds. Maartje van der Westhuizen
(072) 375 3965
maartje@ngelarduspark.org.za

## Kinderbediening

By die Kinderbediening word die Evangelie bedien aan kinders tot twaalfjarige ouderdom. Die eredienste en geloofsontwikkeling word vir ons kinders geïntegreer in kind-vriendelike byeenkomste vir elke ontwikkelingsfase: **Peuters (2-3 j.)**, **Kleuters (4-5 j.)**, **Juniors (gr. 1-3)** en **Seniors (gr. 4-6)**.

Ek kan omgee deur beskikbaar te wees as fasiliteerder of helper vir een van die kleingroepe.

**Kontak:** Louinette Weyer
(060) 988 7311

# Hoërskool tot Jongwerkendes

## Verander Jeugbediening

NG Elarduspark se Jeugbediening staan bekend as die Verander Jeugbediening.  Op die naam sien jy ŉ kolletjie op die 'e'.  Dit is omdat ons by hierdie Jeugbediening 2 belangrike vrae vir mekaar vra: 1) wat moet in my verander sodat ek volgens die wil van die Here kan leef, en 2) hoe kan ek vir-ander iets van die liefde en genade van ons Here Jesus deel of hoe kan ek ŉ voorbeeld wees.  Ons probeer hierdie 2 vrae beantwoord deur 5 waardes deel van alles te maak waarmee ons besig is: dissipelskap, verhoudings, diensbaarheid, mentorskap en geloofsgroei.

**Kontak:** ds. Christian Oberholzer
(082) 349 7317
christian@ngelarduspark.org.za

## Verander-diens

Sondae 17:00-18:00 in die Kerkruim

**Kontak:** ds. Christian Oberholzer
(082) 349 7317
christian@ngelarduspark.org.za

## Jeuggroepe

Die Jeuggroepe (gr.7 - gr.12) se hoofdoel is om deur mentorskap en verhoudings dissipels van mense te maak.  Ons glo dat, saam met ŉ gesindheid van diensbaarheid, dit die perfekte plek is om verder geestelik in jou geloof te groei.  Die jeuggroepe is vir ons verskriklik belangrik.  Daar is ook ŉ saamkuier-geleentheid vir studente direk na die diens in die Stal.  Ons wil help om geestelike gewoontes en ritmes te skep wat jou ook deur die week sal dra. Kom raak deel van ŉ groep wat vir jou omgee!

Sondae 18:00-19:00

**Kontak:** ds. Christian Oberholzer
(082) 349 7317
christian@ngelarduspark.org.za

## Verdiep

Verdiep is ŉ kort kursus wat ons met die verskillende graadgroepe doen ter voorbereiding vir hulle belydenisjaar. In hierdie kort kursusse wil ons die verskillende graadgroepe belangrike geloofstaal en begrippe leer sodat wanneer hulle by hulle belydenisjaar kom, hulle nog meer ingelig is en kan verstaan wat dit werklik beteken om belydenis van geloof af te lê.

Sondae 18:00-19:00 in die Blousaal

**Kontak:** ds. Christian Oberholzer
(082) 349 7317
christian@ngelarduspark.org.za

## Belydenisjaar [Dissipelskap jaar vol. 1]

Die belydenisjaar is ŉ jaar waar daar kennis gedeel word oor aktuele temas, saamgedink word en waar ons mekaar uitdaag om in geloof die lewe aan te pak. Na hierdie jaar, glo ons, het ons jou toegerus om vir God se koninkryk lig in die wêreld te kan wees. Ons hoofdoel is om jou as dissipel op te lei sodat jy jou geloof in die wêreld met gemak kan uitleef. Die groep kom op Sondae na die diens in die Kapel vir ŉ uur en ŉ half bymekaar. Kom leer saam met ons hoe God wil hê ons Sy koninkryk saam met Hom moet uitbou.

Sondae 18:00-19:30 in die Kapel

**Kontak:** ds. Christian Oberholzer
(082) 349 7317
christian@ngelarduspark.org.za

# Matrieks [Dissipelskap jaar vol. 2]

In jou matriekjaar wil ons jou help om dit wat jy in jou Belydenisjaar geleer het in jou lewe toe te pas. In hierdie jaar wil ons hê jy moet kan uitgaan en ŉ voorbeeld van jou geloof vir ander mense wees; jy moet gemaklik daaroor met jou vriende, vreemdelinge en ander kan gesels. Daarom word daar saamgekuier op Sondae oor ŉ koppie koffie en die Woord. Ons hoofdoel met ons matrieks is om, te midde van ŉ baie besige en bedrywige jaar, geloofsritmes en gewoontes in jou daaglikse lewe in te bou – deur Bybelprogramme op jou foon of deur gebed vir jou groep. Hierdie groep is ŉ omgeegroep waar mense kan ontsnap van die besige aktiwiteite en groot verwagtinge van jou finale jaar op skool, maar waar daar ook geestelik saamgereis word. Ons nooi jou uit om saam met ons te kom reis!

Sondae 18:00-19:30 in die Herberg

**Kontak:** Drian Grobbelaar
(076) 101 2240
3an.grobbelaar@gmail.com

# BoekKlub

Elke Maandagaand kom ons in die Herberg bymekaar om saam deur die boeke van die Bybel te lees en deur dieper in die agtergrond en kontekste delf, die tekste te ontdek. As dit vir jou lekker is om te lees en nuwe kennis oor die Bybel te ontdek, is hierdie geleentheid vir jou.

Maandae 18:00-19:00 in die Herberg

**Kontak:** Drian Grobbelaar
(076) 101 2240
3an.grobbelaar@gmail.com

# Ignite (Jongwerkendes)

Hierdie is ŉ bediening vir al die jongwerkendes in ons gemeenskap. Die doel is om mense in dieselfde lewensfase met mekaar te verbind. Die droom is dat hier vriendskappe en ondersteuningverhoudings gevorm word. Ons reël een groot *event* elke kwartaal met kleiner byeenkomste een keer elke 2 maande. Hou ons sosiale media en webwerf dop! Almal is welkom: enkellopendes, jong ouers, getroudes, paartjies en almal wat ŉ plek soek om te behoort.

**Kontak:** ds. Christian Oberholzer
(082) 349 7317
christian@ngelarduspark.org.za

# Connect (Studentebediening)

Ons studente kom elke Woensdagaand bymekaar waar hulle oor interessante gedagtes en temas gesels. Hier leef en glo ons saam. Ons doen interessante goed saam, van bv. kosmaak en wynproe tot diep dink oor wat dit is wat God vir elkeen van ons beplan. Ons kom ook elke Sondag direk na die diens in die Stal bymekaar. Ons nooi jou uit om saam met ons te kom kuier!

Woensdae 19:00-21:00 in die Herberg

**Kontak:** Drian Grobbelaar
(076) 101 2240
3an.grobbelaar@gmail.com

# Band

As jy ŉ gawe vir musiek het en daarvan hou om instrumente te bespeel, wil ons jou uitnooi om deel van die Jeugbediening se *band* te word. Kom loof en prys die Here met jou mooi gawes saam met ons.

**Kontak:** ds. Christian Oberholzer
(082) 349 7317
christian@ngelarduspark.org.za

# Sosiale Media + Bemarking

Die wêreld draai vandag om Sosiale Media en Bemarking.  Ons wil vir jou ŉ ruimte gee waar jy kan kom deelneem aan ŉ bediening wat nie net bemark nie, maar wat die Evangelie op ŉ kreatiewe manier aan die wêreld daar buite kommunikeer. As jy goeie rekenaarvaardighede het, in video's wil speel of hou van sosiale media – raak deel van hierdie bediening en kom dien die wêreld met jou gawes.

**Kontak:** ds. Christian Oberholzer
(082) 349 7317
christian@ngelarduspark.org.za

# Projekte

Om uit te reik en kreatief te wees in die manier hoe ons ander dien, is vir ons baie lekker. Daarom skep ons verskillende geleenthede waarby mense betrokke kan raak, van kos-projekte, kleuterskool-ondersteuning tot uitreike in die Kalahari.  As jy ŉ verskil wil maak, ander wil dien met jou gawes of wil uitreik na ŉ wêreld in nood, dan moet jy deel word van hierdie span.

**Kontak:** ds. Christian Oberholzer
(082) 349 7317
christian@ngelarduspark.org.za

# Huwelike

## Huweliksvoorbereiding

Hierdie kursus word deur dr. Lieze Meiring aangebied. Dit is ‘n werkswinkel waar geleentheid aan paartjies geskep word om in diepte oor hulle verhouding met mekaar te kan gesels. Dit strek oor ses sessies.

**Kontak:** Amanda Venter
(012) 345 1144
cmr@ngelarduspark.org.za

## Alpha Huwelike

Hierdie is ’n ruimte wat vir sewe aande vir ’n egpaar geskep word om op ’n “date” te gaan en onder die begeleiding van ’n video-aanbieding, saam te kan kuier en oor hulle verhouding te kan gesels. Die fokus is op kommunikasie en om vir mekaar tyd te maak.

Ek kan omgee deur die kursus by te woon en ander pare uit te nooi om die pad saam met ons te stap.

**Kontak:** dr. Lieze Meiring
(012) 345 1144
lieze@ngelarduspark.org.za

# Ondersteuning en pastoraat

## Pastorale Spreekkamer

Die pastorale spreekkamer is 'n plek waar stories van pyn, hartseer en ook vreugde gedeel en deurgewerk word. Mense word ondersteun en bemagtig om op nuwe maniere na hulle lewensverhale te kyk.

**Kontak:** dr. Lieze Meiring
(083) 324 8236
lieze@ngelarduspark.org.za

**Kontak:** Anel Roux
(012) 345 1144
mw2@ngelarduspark.org.za

## Vriende van die Gemeenskap van Elarduspark

Ons wil graag 'n netwerk vestig van mense wat betrokke wil raak by hulle gemeenskap. Ek kan omgee deur by die vriende van Elarduspark aan te sluit en my gawes/kundigheid aanbied. Dit kan enigiets wees: as jy 'n haarkapper is en graag 'n bydrae wil maak, kan jy aanbied om iemand wat swaarkry te bederf met 'n mooi nuwe kapsel. As jy 'n motorwerktuigkundige is, kan jy aanbied om iemand wat sukkel se motor te herstel teen verlaagde koste. As jy 'n gastehuis besit, kan jy verblyf vir 'n nag of twee aanbied aan iemand in nood. Die moontlikhede is so wyd soos die Heer se genade…

**Kontak:** Anel Roux
(012) 345 1144
mw2@ngelarduspark.org.za

## Begrafnisbediening

Hierdie bediening ondersteun mense wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het deur te help met die voorbereiding van verversings vir die begrafnis.

Ek kan omgee deur te help met die voorbereiding van verversings.

**Kontak:** Loftus Viljoen
(012) 345 1144 / (082) 352 9906
loftus@ngelarduspark.org.za

# Kompasbediening

Bied ondersteuning of praktiese raad of ŉ oor wat luister in tye van verlies en rou. Ek kan omgee deur:

- My vaardighede aan te bied en deel van die span te word.
- Mense wat by hierdie ondersteuning kan baat vind, aan te meld.

**Kontak:** Kenau Swart
(082) 357 6643
kenswart@global.co.za

# Trauma Gebedsbediening

Hierdie bediening het ten doel om vir mense met onmiddellike krisisse en trauma voorbidding te doen. Die diens is 24 uur beskikbaar en word deur ŉ hele klomp gelowiges onderneem d.m.v. ŉ "gebedsketting".

Ek kan omgee deur my passie vir gebed en vermoë om ŉ geheim te hou aan te bied, en so deel van die gebedsketting word.

**Kontak:** Koos Burger
(072) 850 8926

# Jacob's Well

Bied berading, praktiese advies en geestelike ondersteuning aan persone tussen werk.

Ek kan omgee deur:

- My vaardighede aan te bied deur bv. entrepreneurs te help om 'n besigheid op die been te bring.
- Poste wat beskikbaar raak deur die Jacob's Well netwerk te adverteer.

**Kontak:** Anel Roux
(012) 345 1144
mw2@ngelarduspark.org.za

## Straatprojek

Voorsien 'n kospakkie aan bedelaars in die omgewing.

**Kontak:** Anel Roux
(012) 345 1144
anel@ngelarduspark.org.za

**Kontak:** dr. Lieze Meiring
(012) 345 1144
lieze@ngelarduspark.org.za

## Legacy Kleuterskool

Ons ondersteun hierdie kleuterskool in Pretoria-Wes.

Ek kan omgee deur:

- 'n Finansiële bydrae te maak.
- Items/voorraad te skenk soos wat dit benodig word.

**Kontak:** Anel Roux
(012) 345 1144
mw2@ngelarduspark.org.za

**Kontak:** dr. Lieze Meiring
(012) 345 1144
lieze@ngelarduspark.org.za

# Gasvryheid en Saamkuier

## Nuwe Lidmate Ete

Ons gemeente verwelkom nuwe lidmate deur by hulle huisbesoek te doen en hulle dan ook uit te nooi na 'n saam-eet-en-kuier geleentheid vir 3 Maandae in 'n ry. Tydens die geleenthede wil ons hulle aan die gemeente en mekaar verbind en die gemeente se prentjie van God aan hulle bekend maak.

Ek kan omgee deur as gasheer hierdie mense te ontvang en aan tafel saam met die nuwe lidmate te sit of om deel van die spysenieringspan te wees wat die kos voorberei en die mense bedien.

**Kontak:** ds. Danie Vermaak
(082) 071 7640
danie@ngelarduspark.org.za

## Omgeegroepe

Die boustene van ons geloofsgemeenskap is ons huise en omgeegroepe. Hierdie groepe kom deur die loop van die week, op Sondae of tweeweekliks bymekaar op grond van die groep se behoefte. Dit bied ondersteuning en die geleentheid om vir ander om te gee... dit word jou geestelike familie. Daar is elke Sondag om 17:00-18:00 opleiding in die Oinossaal waar die teks van die week rondom 'n gespreksgids bespreek word.

**Kontak:** ds. Danie Vermaak
(082) 071 7640
danie@ngelarduspark.org.za

## 35+ Enkelgroep

Die 35+ Enkelgroep kom Dinsdagaande om 19:00 in die Herberg bymekaar waar ons saam geestelik groei. Maandeliks het ons 'n sosiale byeenkoms vir die groep.

Ek kan omgee deur by die groep aan te sluit, of iemand anders uit te nooi.

**Kontak:** Naomi Fourie
(083) 9980 5622
naomifourie1000@gmail.com

# Manne van die Woord @ NG Elarduspark

Die manne van die gemeente – van 15 tot 85 – kom elke Woensdag- en Saterdagoggend dwarsdeur die jaar, winter en somer, van 05:45 tot 06:30 in die Artossaal bymekaar waar ons uit die Eenjaarbybel lees in 'n gemaklike, ontspanne atmosfeer.

**Kontak:** ds. Danie Vermaak
(082) 071 7640
danie@ngelarduspark.org.za

# Vroue van die Woord @ NG Elarduspark

Die vroue van die gemeente – van 15 tot 85 – kom elke Dinsdagoggend dwarsdeur die jaar, winter en somer, van 07:00 tot 8:00 in die Artossaal bymekaar waar ons uit die Bybel lees in 'n gemaklike, ontspanne atmosfeer.

**Kontak:** ds. Maartje van der Westhuizen
(072) 375 3965
maartje@ngelarduspark.org.za

# Basaar / Warm-winterfees

Die jaarlikse basaar is een van ons gemeente se groot saamkuier-geleenthede. Ek kan omgee deur saam met die res van die gemeente te kom kuier, die stalletjies te ondersteun, donasies te maak of hulp aan te bied.

**Kontak:** ds. Maartje van der Westhuizen
(072) 375 3965
maartje@ngelarduspark.org.za

# Hoenderbraai en Bybelfees

Die oorhoofse doel van die Hoenderbraai is om fondse in te samel vir Bybelverspreiding. Op die eerste Saterdag van September, saam met ons Bybelstap, braai ons 600+ hoenders op een spit.

Ek kan omgee deur fondse in te samel vir Bybelverspreiding en om mense te nooi om saam te stap en te braai.

**Kontak:** Christo Scheepers
(082) 339 6996 / (012) 345 2355

# Gemeentekamp

Ons gemeente hou van kuier en om saam te wees. Jaarliks het ons ŉ gemeente wegbreek naby Pretoria. Ons luister na ŉ gasspreker, kuier, swem en braai saam.

Ek kan omgee deur aan te bied om te help met die reëlings.

**Kontak:** ds. Maartje van der Westhuizen
(072) 375 3965
maartje@ngelarduspark.org.za

**Kontak:** ds. Christian Oberholzer
(082) 349 7317
christian@ngelarduspark.org.za

# Verjaarsdagbediening

Hierdie is ŉ telefoonbediening wat lidmate op hul verjaarsdae skakel om hulle namens die gemeente geluk te wens en navraag te doen oor hulle welstand. Die skakelwerk word vanaf die kerkkantoor gedoen.

Ek kan omgee deur deel van die span te word.

**Kontak:** Sonya Snyders
012 345 1144
kerkkantoor@ngelarduspark.org.za

# Elohim Koffiewinkel en Koffiebediening

Hier kan jy gees, siel en liggaam kom verkwik met 'n verskeidenheid heerlike spesialiteitsdrankies en ietsie te ete. Die koffiewinkel is oop |Maandag – Vrydag 08:00 –13:00. Die koffietrollie is sekere Sondae in die lapa, waar daar ook spesialiteitsdrankies verkoop word.

Indien jy belangstel om by die Koffiebediening betrokke te raak, hou die afkondigings dop vir barista-opleidingsessies wat 1 keer per kwartaal aangebied word.

**Kontak:** Hannelie White
012 345 1144
koffie@ngelarduspark.org.za

# Gasvryheidsbediening

Ons doel is om lidmate, besoekers en vreemdelinge by byeenkomste hartlik en gasvry te ontvang en te bedien met Jesus se liefde. Dit behels onder meer om mense op Sondae by die eredienste te verwelkom, om mense wat as nuwe lidmate wil aanmeld na die erediens te ontvang en om een keer 'n kwartaal by die nuwe lidmate ete die rol van gasheer/gasvrou te vervul.

**Kontak:** ds. Maartje van der Westhuizen
(072) 375 3965
maartje@ngelarduspark.org.za

# Missionale Liefdesdiens

## Christelik Maatskaplike Raad Elarduspark

Die CMR Elarduspark lewer ŉ omvattende, maatskaplike diens aan die gemeenskap om mense sosiaal, emosioneel en ekonomies te bemagtig. Dienste sluit in statutêre werk, terapeutiese dienste, aannemings, groepwerk, en gemeenskapswerk.

Ek kan omgee deur:

- Hulp aan te bied met die vervoer van mense na bv. ŉ kliniek.
- Finansiële ondersteuning.
- Beeld Kinderfonds te ondersteun.
- Die aankondigings dop te hou vir hulp met spesifieke projekte van die CMR.

**Kontak:** Amanda Venter
(012) 345 1144
cmr@ngelarduspark.org.za

## Finansiële Ondersteuning

Alimentasie (finansiële ondersteuning) word bestuur deur ŉ alimentasie komitee wat saamgestel is deur onder andere mense met finansiële kundigheid. Riglyne vir hulpverlening fokus daarop om mense deur ŉ tydelike krisis te ondersteun, sodat hulle weer selfstandig op hulle eie kan funksioneer.

Ek kan omgee deur:

- Finansiële ondersteuning (Die kollektes wat gedurende Nagmaalsdienste ingesamel word, word na die alimentasie komitee gekanaliseer. Enige ander inbetalings is altyd welkom – onthou om as verwysing "Alimentasie" te meld).
- My vaardighede / dienste teen verlaagde tariewe aan te bied.

- **Kontak:** Anel Roux
- (012) 345 1144

mw2@ngelarduspark.org.za

# Finansiële Beplanning

Persone in nood word ondersteun in hulle finansiële beplanning en bestuur. Ons het ŉ netwerk van kundiges wat mense in finansiële nood kan bystaan met advies ten opsigte van basiese finansiële beplanning, of die opstel van ŉ begroting.

Ek kan omgee deur my kundigheid aan te bied om mense met finansiële beplanning te help.

**Kontak:** Anel Roux
(012) 345 1144
mw2@ngelarduspark.org.za

# Kleretrommel

Die kleretrommel is ŉ projek waar gebruikte klere, linne, speelgoed, meubels en toerusting deur gemeentelede geskenk en dan uitgedeel word aan persone wat behoefte daaraan het. Hierdie klere en toerusting word ook versprei aan projekte van die gemeente en ander individue wat deur die maatskaplike werkers geïdentifiseer en verwys is.

Ek kan omgee deur goedere wat ek nie meer nodig het nie te skenk, of aan te bied om Woensdagoggende te help om die artikels wat ontvang is, te sorteer.

**Kontak:** Wilma Neethling
(083) 292 5792
wilma.neethling@gmail.com

# Brood-op-die-water

Die bediening fokus daarop om voedsel te voorsien aan persone wat tydelik nie in hulle eie behoeftes kan voorsien nie. Streng riglyne word gestel om te verseker dat persone nie afhanklik raak van hierdie hulp nie, maar voortdurend daarna bly streef om selfstandig te funksioneer.

Ek kan omgee deur:

- ŉ Kospakkie teen R550 per maand te borg.
- Skoonmaakmiddels, melk, toiletpapier, seep of tandepasta te skenk.

- **Kontak:** Anel Roux
- (012) 345 1144

mw2@ngelarduspark.org.za

# Herwinningsprojek

Die herwinningsprojek is ŉ manier om aan God se opdrag om die aarde te bewerk en te bewaar, getrou te wees. Op die kerkterrein is houers vir papier en glas wat op ŉ gereelde basis deur ŉ herwinningsmaatskappy leeggemaak word. Ons kry ook gereeld ŉ maatskappy wat elektroniese afval op ŉ verantwoordelike wyse herwin.

Ek kan omgee deur al my papiere, glas en elektroniese afval te herwin.

**Kontak:** Loftus Viljoen (Koster)
(012) 345 1144 / (082) 352 9906
loftus@ngelarduspark.org.za

# Bediening aan Huiswerkers

Hierdie is 'n bediening aan huiswerkers deur anderstalige eredienste op Sondae, huisbesoeke en geestelike ondersteuning.

Ek kan omgee deur my huiswerker aan te moedig om in te skakel.

**Kontak:** dr. Lieze Meiring
(083) 324 8236
lieze@ngelarduspark.org.za

# Huiswerkerskamp

Een maal per jaar word ŉ naweekkamp gehou waartydens huiswerkers van ons omgewing bederf word. ŉ Spreker en aktiwiteite fokus op hulle geestelike verryking. In aanloop tot die kamp word daar ook ŉ dagbyeenkoms by die kerk gehou. Sop en broodjies vir die dag, word deur gemeentelede gemaak en geskenk.

Ek kan omgee deur:

- Donasies vir die aankoop van etes te skenk.
- Geskenkpakkies met iets soos ŉ waslappie en seep vir die huishulpe te skenk of te borg.
- Aan te bied om met die reëlings en voorbereiding van etes te help.

**Kontak:** Brenda Lamprecht
lamprechtbrenda@gmail.com

# Warm-Winter-Wollies

Elke jaar word ŉ projek aangepak waar die gemeente geleentheid kry om hulle gawes aan te bied deur handwerk-items te maak wat dan aan mense in nood geskenk word.

Ek kan omgee deur die aankondigings dop te hou vir besonderhede van die jongste projek wat gewoonlik vroeg in die jaar aangekondig word.

**Kontak:** Anel Roux
(012) 345 1144
mw2@ngelarduspark.org.za

# Thusanang

Die bediening fokus daarop om huiswerkers van die omgewing te bemagtig deur die aanleer van naaldwerkvaardighede, om sodoende hulle eie klere te maak en te herstel of ŉ ekstra inkomste te verdien. Dit is ook 'n geleentheid waar die Evangelie aan hulle bedien word.

Ek kan omgee deur:

- Hulp ten opsigte van onderrig aan te bied.
- Benodigdhede soos materiaal, skêre, gare, ens. te skenk.
- Naaimasjiene te skenk.

**Kontak:** Hannetjie van Zyl
(082) 969 3810

# Kersfeesprojek

In die gees van die feestyd, reik ons uit na veral kinders wat swaarkry.

Die gemeente skenk geskenke en/of geld waarmee geskenke gekoop kan word. Pakkies word dan opgemaak wat aan die kinders uitgedeel word.

Ek kan omgee deur fondse / geskenke te skenk, of te help om pakkies toe te draai.

**Kontak:** Anel Roux
(012) 345 1144
mw2@ngelarduspark.org.za

# Ons Huis

Die visie van Ons Huis is om binne ŉ ondersteunende omgewing ŉ voltydse tuiste en aktiwiteitsentrum te bied aan verstandelik gestremde volwassenes. Hulle word fisiek versorg en geestelik en emosioneel ondersteun, sodat hulle ŉ positiewe bydrae tot die gemeenskap kan lewer.

Ek kan omgee deur as vrywilliger aan te meld of die projek finansieel te ondersteun.

**Kontak:** Christi Maré
(082) 408 3303
onshuistrust@gmail.com

**Kontak:** ds. Danie Vermaak
(082) 071 7640
danie@ngelarduspark.org.za

# Mannaprojek

Elke Vrydag word voorbereide disse aan behoeftige gesinne in die gemeente voorsien. Aanvanklik het die etes hoofsaaklik uit sop en broodjies bestaan, maar mettertyd het die deelnemende gesinne begin om ander etes voor te berei, soos lasagne, maalvleis en groente, herderspastei, ensovoorts.

Ek kan omgee deur:

- Deel te word van die span wat die kos voorberei.
- Aan te bied om soms kos af te lewer by ŉ gesin wat dit nodig het, maar nie eens die middele het om dit by die kerk te kom afhaal nie.
- My leë 2-liter roomysbakke na die koffiewinkel te bring (waarin die voorbereide kos verpak kan word).

**Kontak:** Antoinette Pretorius
(082) 376 8703
nettiesbandb@gmail.com

# Jakaranda Kinderhuis

Huis 13 akkommodeer tans 13 seuns tussen die ouderdomme van 7 en 15 jaar. Ondersteuning vind plaas deur finansiële, materiële, geestelike en emosionele bystand. Die jeug van Elarduspark gemeente reik ook Sondagaande gereeld uit na die koffiekroeg by die kinderhuis.

Ek kan omgee deur:

- My vaardighede aan te bied om met programme wat die kinderhuis aanbied, uit te help.

- ♥ By die uitreik na die koffiekroeg betrokke te raak.
- ♥ Die aankondigings dop te hou vir spesifieke behoeftes wat van tyd tot tyd daarin geadverteer word.

**Kontak:** Anel Roux
(012) 345 1144
mw2@ngelarduspark.org.za

Die Jakaranda kinderhuis kliniek bedien jaarliks ± 250 kinders met deurlopende gesondheidsorg en ondersteuning.

Ek kan omgee deur finansiële ondersteuning vir die aankoop van medisyne, of ander benodigdhede, of om my professionele dienste aan te bied (tandartse, oogkundiges, sielkundiges word gereeld benodig).

**Kontak:** Antasha Brits
(083) 231 0942 / (012) 800 4700
antasha@jacarandachildren.co.za

# Khomani-Uitreik

Die gemeente reik een keer per jaar, in September/Oktober, uit na die Khomani San gemeenskap in Andriesvale. Die gemeenskap word gekenmerk deur armoede en werkloosheid, met gepaardgaande sosiale probleme soos middelafhanklikheid en gesinsgeweld. Tydens die uitreike word voedselvoorrade, klere, komberse en huishoudelike artikels geskenk aan sowat 770 mense.

Ek kan omgee deur:

♥ Saam te gaan op die uitreik.

♥ Klere en artikels te skenk.

♥ Vir die gemeenskap te bid.

**Kontak:** Gail Horak
(083) 651 1957
gailhorak@gmail.com

# Personeel-Uitreike

Die personeel van NG Elarduspark reik jaarliks (Mandeladag) uit na ŉ groep mense wat in nood verkeer.

Ek kan omgee deur voorstelle te maak en saam te kom, of geskenkpakkies te borg.

**Kontak:** Anel Roux
(012) 345 1144
mw2@ngelarduspark.org.za

# 60+

Die 60+ bediening skep vriendelike kanale waardeur ons seniors geestelik, emosioneel en fisiek ondersteun kan word, en ook waardeur hulle na hul medemens kan uitreik en die gemeente se doelwitte kan nastreef.

**Kontak:** dr. Lieze Meiring
(082) 355 1827
lieze@ngelarduspark.org.za

Onder die 60+ is daar verskeie "vertakkinge" om ons doelwitte te bereik:

## Eredienste Glevera

Een maal per maand word 'n spesiale erediens aangebied vir die inwoners van Glevera.

**Kontak:** dr. Lieze Meiring
(082) 355 1827
lieze@ngelarduspark.org.za

## Bybelstudie

Woensdae (behalwe die eerste Woensdag van elke maand en gedurende skoolvakansies) om 09:30 word Bybelstudie in die Blousaal gehou.

**Kontak:** dr. Lieze Meiring
(082) 355 1827
lieze@ngelarduspark.org.za

## Jukskei

Ons speel jukskei op die kerkterrein, op Dinsdae 09:30-10:30 en Donderdae 09:30-11:00.

**Kontak:** Johan Dercksen
(083) 675 2849
johandercksen@absamail.co.za

# Kliniekdienste

Twee tot drie keer per maand, op ŉ Woensdagoggend, kan jy jou bloeddruk laat meet. Spesifieke datums word op die kalender aangedui.

**Kontak:** Sonya Snyders (kerkkantoor)
(012) 345 1144
kerkkantoor@ngelarduspark.org.za

# Liefde in Aksie

Die dienssentrum se doelwit is om seniors te ondersteun om so lank as moontlik hulle onafhanklik te behou. Ons voorsien etes aan seniors wat nie meer in staat is om na hulleself om te sien nie – ons berei etes voor, en indien nodig, gaan lewer dit af. Ons beplan om ook vervoer- en verplegingsdienste te verskaf.

Ek kan omgee deur:

- Te help om etes te kook (op gereelde basis of slegs wanneer ek kan).
- Etes na seniors te neem.
- Seniors te neem om inkopies te doen, vir mediese ondersoeke, ens.

**Kontak:** dr. Lieze Meiring
(082) 355 1827
lieze@ngelarduspark.org.za

# Pilates-oefeninge

ŉ Gekwalifiseerde fisioterapeut bied Pilates oefeninge aan in die Artossaal op Donderdae 09:00-09:45.

**Kontak:** Merle Lotz
(082) 922 1271

# Digitale Bediening

## Webwerf

Die digitale kommunikasie via ons webwerf vorm die sentrale hub van ons gemeente se digitale bediening. Hier kan jy die Omgeegroepe se materiaal vind, preke, die gemeente se kalender, artikels, potgooie en vele meer!

Ek kan omgee deur my vaardighede van PHP, WordPress, SQL, HTML en CSS aan te bied, asook grafiese ontwerp.

**Kontak:** ds. Danie Vermaak
(082) 071 7640
danie@ngelarduspark.org.za

## Selfoontoepassing (“*Mobile App*”)

Ons gemeente het ons eie selfoontoepassing wat van Google Play of Apple App Store afgelaai kan word.  Hier kan jy in verbinding bly met ons gemeente. Jy kan ook bronne en materiaal vind, vorms, media, ons gemeentekalender en self ook die Bybel lees of daarna luister.

Indien jy by die digitale bediening betrokke wil word, skakel Danie Vermaak.

Jy kan dit aanlyn hier aflaai deur hierdie QR-kodes te skandeer:

GET IT ON Google Play

Available on the App Store

**Kontak:** ds. Danie Vermaak
(082) 071 7640
danie@ngelarduspark.org.za

# WhatsApp Kommunikasiekanaal

Ontvang ons WhatsApp kommunikasie vanaf die gemeente deur jou NAAM en VAN na **072 669 0863** te stuur. Om hierdie boodskappe te kan ontvang moet jy hierdie nommer **ook op jou foon stoor**. Indien jy dit nie meer wil ontvang nie kan jy slegs die nommer van jou foon verwyder.

**Kontak:** Belinda van Lingen
(079) 551 9339
belinda@ngelarduspark.org.za

# Videobediening

Die opneem, verpakking, redigering van video's vir bemarking, groepsgesprekke, regstreekse uitsending van eredienste, kamerawerk, ens. Ek kan omgee deur my vaardighede met videografie, video-redigering en my kunstige aanslag aan te bied.

**Kontak:** Phillip Kotze (jr.)
(074) 020 9799
phillip@ngelarduspark.org.za

# Grafiese ontwerp en Kommunikasie

Belinda van Lingen verpak ons gemeente se kommunikasie digitaal en grafies. Sy sorg vir ons sosialemediaplatforms op Facebook en Instagram. Sy plaas ook ons preke en ander materiaal op ons YouTube kanaal, webwerf en selfoontoepassing. Sy stel ook ons weeklikse e-nuus saam en Elarduspark weekliks wat ons afkondigings is wat Sondae by die deure uitgedeel word en elektronies aangestuur word. Sy hanteer ook die gemeente se WhatsApp foon.

Indien jy ook wil omgee deur te help, kontak Belinda.

**Kontak:** Belinda van Lingen
(079) 551 9339
belinda@ngelarduspark.org.za

# Potgooi

Die leraarspan neem potgooie op en plaas dit op https://ngelarduspark.podbean.com/ om dit uit te saai. Jy is welkom om hierop in te

teken en self daarna te luister in die motor op pad werk toe en terug. Dit is nie langer as 10 minute en bied sinvolle materiaal om na te luister en oor na te dink.

Ek kan omgee deur hierdie potgooie te "like" en in te teken op hierdie kanaal.

**Kontak:** ds. Danie Vermaak
(082) 071 7640
danie@ngelarduspark.org.za

# Sagte-ware Bediening

Om ons gemeente aan mekaar en die gemeenskap te verbind, het ons ŉ databasis en platform geskep sodat ons gemeente "omgee kan ondersteun". Hier is plek vir aspirante sagteware ontwikkelaars, tot senior projekbestuurders in die informasie tegnologie. Kode het ŉ rak leeftyd en moet in stand gehou word. Wees deel van hierdie "*open-source*" bediening.

Ek kan omgee deur van my tyd beskikbaar te stel om ŉ module of meer te ontwikkel.

**Kontak:** ds. Danie Vermaak
(082) 071 7640
danie@ngelarduspark.org.za

# Regestreekse Uitsending

Ons gemeente beweeg oor digitale grense met ons Regstreekse Uitsendings op YouTube. Elke week word ongeveer 600 mense bedien waarvan 200 mense oorsee sit. Ons benodig 16 mense of meer om spanne te bou wat bestaan uit iemand wat **die kamera skote bestuur**, iemand wat **klank meng**, iemand wat **die uitsending regisseur** en **iemand wat dit op YouTube volg vir kwaliteit beheer**. Opleiding word voorsien.

Kontak Danie Vermaak om by hierdie suksesstorie in te skakel.

**Kontak:** ds. Danie Vermaak
(082) 071 7640
danie@ngelarduspark.org.za

# Eredienste

## Blommebediening

Dames help blomme rangskik vir die eredienste.

Ek kan omgee deur my talente en tyd aan te bied en deel van die span te word.

**Kontak:** Hannelie White
(012) 345 1144
koffie@ngelarduspark.org.za

## Musiekbediening

Die musiekbediening betrek mense van alle agtergronde en met musikale talente om die gemeente tydens eredienste te begelei in sang en lofprysing. Musiek is een van die mediums om van spesiale geleenthede soos Lydensweek, Pinkster en Kersfees besonderse geleenthede te maak.

Ek kan omgee deur my talente aan te bied en deel te word van die span.

**Kontak:** Pieter de Beer
(012) 345 1144
pieter@ngelarduspark.org.za

## Erediensbestuurder

Pieter de Beer is verantwoordelik vir elke Sondag se eredienste waar hy dit koördineer. Indien jy graag op enige wyse betrokke wil raak tegnies, klank, visueel, musikaal of deur te dien, gesels met Pieter.

**Kontak:** Pieter de Beer
(012) 345 1144
pieter@ngelarduspark.org.za

# Tegniese versorging van erediens

Die oudiovisuele elemente is baie belangrik in al ons eredienste. Mense wat help om die klankbord en dataprojektor te beman is 'n kosbare deel van die span. Ons het ook 'n span wat verseker dat die kerkgebou se dekor by die kerkjaar aansluit.

Ek kan omgee deur my gawes ten opsigte van tegniese elemente/ rekenaar / videografie / dekor aan te bied om van die eredienste feestelike geleenthede te maak.

**Kontak:** Pieter de Beer (tegnies)
(012) 345 1144
pieter@ngelarduspark.org.za

# Kunstebediening

Die kunste skep met behulp van rekwisiete en ander materiaal 'n visuele ervaring tydens ons eredienste en ander spesiale geleenthede.

Indien jy 'n oog vir die kunste het, kom en gee op so 'n wyse om vir ander.

**Kontak:** Hannelie White
(012) 345 1144
koffie@ngelarduspark.org.za

# Bestuur van die Gemeente

## Kerkraad

Die kerkraad is die regspersoon van die gemeente. Ons bepaal die geestelike welwese van die gemeente, die rigting vorentoe en is verantwoordelik vir die beleide van ons ondersteunende kommissies (diensverhoudinge, bou en eiendomme en finansies). Die kerkraad verteenwoordig mense van verskeie ouderdomsgroepe en geslag.

Jy kan slegs op die kerkraad dien deur verkies te word. Ons voorsitter is Leon van den Berg.

**Kontak:** Riaan van Zyl
(012) 345 1144
bestuur@ngelarduspark.org.za

## Uitvoerende Komitee

Die Uitvoerende Kommissie bestaan uit die voorsitters van ons ondersteunende kommissies (diensverhoudinge, bou en eiendomme en finansies). Ons is verantwoordelik vir die uitvoering van take ontvang deur die kerkraad en dus die bestuursfunksies van die gemeente.

**Kontak:** Riaan van Zyl
(012) 345 1144
bestuur@ngelarduspark.org.za

## Diakonie

Die diakens is verantwoordelik vir die opneem van dankoffers tydens ons eredienste. Hulle is ook verantwoordelik vir die bediening van die Nagmaal en ander ondersteuning soos deur die leraarspan verlang.

**Kontak:** Riaan van Zyl
(012) 345 1144
bestuur@ngelarduspark.org.za

# Diensverhoudingskommissie (DVK)

Neem besluite en maak aanbevelings aan die Kerkraad ten opsigte van personeel-aangeleenthede en sien ook toe dat vereistes rakende wetgewing nagekom word. Stel alle nodige kontrakte op.

Ek kan omgee deur my kundigheid en tyd aan te bied.

**Kontak:** Riaan van Zyl
(012) 345 1144
bestuur@ngelarduspark.org.za

# Bou en Eiendomskommissie (B&E)

Neem besluite en maak aanbevelings aan die kerkraad oor sake wat betrekking het op die geboue en perseel. Ons oorsien ook die beroepsveiligheid van die gemeente.

Ek kan omgee deur my kundigheid en tyd aan te bied.

**Kontak:** Riaan van Zyl
(012) 345 1144
bestuur@ngelarduspark.org.za

# Finansiële kommissie (FK)

Sien toe dat die gemeente se finansies behoorlik bestuur word.

Ek kan omgee deur my kundigheid en tyd aan te bied.

**Kontak:** Riaan van Zyl
(012) 345 1144
bestuur@ngelarduspark.org.za

# Algemene Inligting

## Fasiliteite

Die gemeente beskik oor lokale en sale wat privaat en korporatief verhuur word. Toerusting en/of spyseniering kan ook verskaf word.

**Kontak:** Alida Keet
(012) 345 1144 / (082) 352 9906
data@ngelarduspark.org.za

## Terreinbestuurder

Sien om na die instandhouding van geboue, lokale en die terrein. Indien jy hier ŉ bydrae kan lewer kontak ons koster.

**Kontak:** Loftus Viljoen (Koster)
(012) 345 1144 / (082) 352 9906
loftus@ngelarduspark.org.za

## Eredienste

8:00 – Tradisieryke erediens in die Kerkgebou.

8:00 – Kinderkerk in die Blousaal (2-4 jaar), Kategese lokale (5-6 jaar), Oinossaal (7-9 jaar) en Artossaal (10-12).

9:45 – Kontemporêre erediens in die Kerkgebou.

9:00 – Kinderkerk in die Blousaal (2-4 jaar), Kategese lokale (5-6 jaar), Oinossaal (7-9 jaar) en Artossaal (10-12).

*Tydens skoolvakansies, langnaweke en die res van die jaar na die Kerssangdiens, is daar slegs een erediens die oggend om 9:00.*

14:00 – Erediens in Afrika-tale in die Kapel.

17:00 – Veranderdiens (vir hoërskoolleerlinge en hulle gesinne) in die Kerkgebou (waarna die Geloofsvorming direk na die diens plaasvind)

18:00 – Dieper-delf in die Artossaal – *vir toerusting en geestelike groei.*

# Kerkkantoor

**Fisiese adres:**
Frelonstraat 547
Elarduspark
Pretoria 0181

**Telefoonnommer:** (012) 345 1144

**Kantoorure:**
Maandae – Vrydag 8:00 – 14:00

# Mediasentrum

Die Mediasentrum wil 'n diens aan lidmate en die gemeenskap lewer deur die beskikbaarstelling van boeke en ander media om sodoende mense geestelik te lei, te laat groei en te help om na ander uit te reik. Leners van alle ouderdomme is welkom.

Ek kan omgee deur boeke, wat vir my of my gesin iets beteken het, te skenk sodat dit ook iemand anders se lewe kan verryk.

**Mediasentrum is oop gedurende skoolkwartale:**
Maandag tot Vrydag 9:00 – 13:00 of per afspraak

**Kontak:** Elsie Louw
(012) 345 1144
media@ngelarduspark.org.za

# Leraars

**Dr. Lieze Meiring** (Missionale liefdesdiens, Pastorale spreekkamer, 60+ Bediening, Huweliksvoorbereiding, Huweliksverryking, 40 Dae)
(083) 324 8236
lieze@ngelarduspark.org.za

**Ds. Danie Vermaak** (Nuwe lidmate, Omgeegroepe, Digitale bediening, Ons Huis, Manne van die Woord, Hoenderbraai en Bybelfees)
(082) 071 7640
danie@ngelarduspark.org.za

**Ds. Maartje van der Westhuizen** (Uitvoerende komitee, Doop, Huisgeloof, Ouertoerusting, Vroue van die Woord, Gasvryheid, Warm Winterfees, Personeel)
(072) 375 3965
maartje@ngelarduspark.org.za

**Ds. Christian Oberholzer** (Jeugbediening, Studente en Jongwerkendes)
(082) 349 7317
christian@ngelarduspark.org.za

# Personeel

Kontak personeel by (012) 345 1144

| | | |
|---|---|---|
| Gemeentebestuurder | Riaan van Zyl | bestuur@ngelarduspark.org.za |
| Ontvangsdame | Sonya Snyders | kerkkantoor@ngelarduspark.org.za |
| Data | Alida Keet | data@ngelarduspark.org.za |
| Finansiële beampte | Jolandie van Zyl | finansies@ngelarduspark.org.za |
| Produksiebestuurder | Pieter de Beer | pieter@ngelarduspark.org.za |
| Orrelis | Theo van Aswegen | theo@ngelarduspark.org.za |
| Kommunikasie & ontwerp | Belinda van Lingen | belinda@ngelarduspark.org.za |
| Video & tegnies | Phillip Kotze (jr.) | phillip@ngelarduspark.org.za |
| CMR-Maatskaplike werker | Annelize Human | mw1@ngelarduspark.org.za |
| CMR-Maatskaplike werker | Anel Roux | mw2@ngelarduspark.org.za |
| CMR-Sekretaresse | Amanda Venter | cmr@ngelarduspark.org.za |
| Koster | Loftus Viljoen | loftus@ngelarduspark.org.za |
| Mediasentrum | Elsie Louw | media@ngelarduspark.org.za |
| Elohim Koffiewinkel | Hannalie White | koffie@ngelarduspark.org.za |
| Skoonmakers | Letty Mtshayise | |
| | Dinah Nkosi | |
| | Grace Poto | |
| Algemene werkers | Kabelo Matlala | |
| | Johannes Mtshweni | |

## Ons Roeping

**Die liefde van God**
**vir elke mens**
**oor alle grense heen....**

**NG Elarduspark**
*die gemeente* ***wat omgee***

## Ons Doelwitte



*Ons eer God as die middelpunt van ons lewe.*
*Ons aanvaar mekaar as die familie van die Here.*
*Ons groei om soos Christus te wees.*
*Ons dien mekaar met ons gawes.*
*Ons reik uit na die wêreld in nood.*